

CELESTINE PRETORIUS

*Al laggende en pratende: Kaapse vroue in die 17de en 18de eeu*

Human & Rousseau, Kaapstad Pretoria Johannesburg, 1998.

120 pp., sagteband, illustrasies

ISBN 0 7981 3836 X

Prys R69,95

Dr. Celestine Pretorius stel haar ten doel om die lewe van gewone vroue “wie se lewe ingrypend deur historiese gebeure beïnvloed is” se verhale van “daaglikse lief en leed, van swaarkry en ellende, moed en deurstellingsvermoë, liefde en haat” byeen te bring. In hierdie doelwit slaag *Al laggende en pratende* op uitmuntende wyse. Die verwerking van akademiese proefskrifte is dikwels nie as “gewone” letterkunde vir die publiek toeganklik nie, maar hierdie verkorte en verwerkte publikasie van dr. Pretorius se proefskrif *Die Afrikanervrou as kultuurdraer en kultuurskepper tot 1806* (UP, 1977) is ‘n welkome uitsondering. Pretorius se entoesiasme vir haar onderwerp is aansteeklik. Die uiteenlopendheid van die Kaapse vroue in die 17de en 18de eeu, sowel as besonderhede oor hul daaglikse lewe, vorm ‘n belangrike bydrae tot kennis van die tydperk. Haar grondige navorsing en die bywerk van bronne wat na 1977 verskyn het, sowel as ‘n kernbronnelys aan einde van elke hoofstuk, maak die boek vir vakkundiges sowel as algemene lesers van besondere waarde.

As kultuurhistorikus besef dr. Pretorius die waarde van meer as die geskrewe dokumentasie en sy gebruik op voortreflike wyse tekeninge en skilderye om die tyd waarteen die vroue se geskiedenis afspeel, lewendig te maak. Sy het geskifte deur van die vroue self, voorbeelde van sierkuns en naaldwerk in argiewe, museums en ander bewaarplekke in Suid-Afrika en Europa opgespoor. Sy hoop dat hierdie verhale skrywers, beeldende kunstenaars en filmmakers sal inspireer om “geskiedenis” toeganklik te maak. ‘n Lewensgeskiedenis wat reeds op kreatiewe wyse bekend is, is dié van “Krotoa”. VC Malherbe van die *Centre for African Studies* (UCT, Communications, nr.19) verwys in 1990 na die verhaal van Krotoa wat vir kinderteater en as ‘n gedig deur Karen Press aangebied is (*Krotoa, called ‘Eva’ A woman between*). Ook die gewilde eenvrouvertoning van Antoinette Pienaar by die *Klein Karoo Nasionale Kunstefees* van 1998 is gebaseer op die tragiese lewe

van Krotoa/Eva van Meerhoff (c.1642-1674). Celestine Pretorius vertel Krotoa se geskiedenis in “Tussen twee wêreld”, [hoofstuk 4, pp. 31-36]: die westerse wêreld van Jan van Riebeeck waar Eva Nederlands leer praat het en met die Christelike godsdiens kennis gemaak het, en haar Koi-verlede waarna sy soms geklee in die tradisionele velle soos die van haar stamgenote terugkeer, word met empatie vertel. Wetenswaardighede, soos dat Pieter van Meerhoff Eva se eggenoot, as opsiener by Robbeneiland die eeue-oue skulpbanke vir kalk ontgin het, is deur noukeurige navorsing bepaal.

Die skrywer erken haar bronne deurgaans so onopsigtelik dat dit nie inbreuk maak op die algemene leesbaarheid van die boek nie. In die twaalf hoofstukke van wisselende lengte val die fokus telkens op ‘n spesifieke vrou, of vroue uit ‘n bepaalde tydperk. Annatje Boom, wat saam met Jan van Riebeeck na die Kaap gekom het, se “verhaal” en die van haar man, Hendrik Boom, die hooftuinier aan die Kaap, word op onderhoudende manier vertel. Ten spyte van haar agt kinders, het hierdie dogter uit die Nedelandse boereklas as “eerste boer aan die Kaap” met haar melkboerdery (tien melkkoeie is deur die Kompanje aan haar verhuur) voldoende melk, botter, en karringmelk aan die kommandeur van die Kaap sowel as aan besoekende skepe gelewer. Annatje het voorts ‘n herberg vir die bemanningslede van dié skepe bedryf. Na dertien jaar se wedervaringe (haar huis is afgebrand, die Booms se slawe het weggeloop, die Koi het hulle vee geroof en sy en haar kinders moes tydens die Koi-oorlog by die “Groote Schuur” gaan skuil [p. 11]), is sy terug na Nederland.

Die wordingsjare van die latere kolonie aan die Kaap was ‘n moeilike tyd vir die vroue van Europese afkoms. Pretorius bespreek onder meer die lotgevalle van sommige van die weesmeisies wat as “bruide” na die Kaap gebring is. Van hulle was die toekomstige stammoeiers van bekende Afrikanerfamilies. Die ervarings van “gewone vroue” word weergegee, byvoorbeeld deur uitsprake van die elfjarige Pieternelletje van Hoorn (1698-1764), stiefdogter van Johanna Maria van Riebeeck. Laasgenoemde se briewe met kritiek op die Kaapse strate wat “hollebollig” was en die kasteel self, wat ook maar “miserabel slorsigh” [p. 15] afgesteek het by Batavië s’n, gee die moderne leser begrip vir die alledaagse probleme aan die ontwikkelende Kaap. Die voorbereiding vir die maandelange reis na Nederland en Johanna Maria van Riebeeck se “Proevisielys” [p. 17] verstom: 60 skepe, 18 bokke, varke, hoenders en dies meer moes lewendig vervoer word en ook drinkwater moes voorsien word.

Die titel van die boek is ontleen aan die ekstrovert Johanna Duminy (1757-1807) [pp. 44-53] se dagboek waarvan ‘n fragment behoue gebly het. ‘n Afdruk van ‘n bladsy uit die dagboek [p. 47] werp lig op van die probleme waarmee ‘n navorser te kampe het. Johanna se Nederlands is moeilik verstaanbaar en haar min of meer fonetiese spelling is ‘n uitdaging.

Ander vroue wat aandag kry is Trijn Ras (gebore Ustincx) wat as 21-jarige weduwee alleen na die Kaap gekom het. Die verhaal van haar huwelik met die Vryburger Hans Ras - die eerste van drie huweliksmaats wat haar binne 5 jaar sou ontval - en

van haar verdere lewensloop wat 'n latere huwelik met haar “kneg” [p. 22] insluit, lees soos 'n moderne sepie. Die Franse Protestantse vrou, Sara Cochet, stammoeder van die De Klerks, se aanpassing (en huwelike) in die ruwe Afrika en 'n lys van haar besittings soos opgeneem is in die inventaris/boedel, is insiggewend. As vrou van die gerespekteerde heemraad en ouderling, Guillaume du Toit, het Sara 'n eie stoel in die kerk gehad, wat 'n kykie gee op die destydse waardestelsel. Sara moes alleen die mas opkom toe haar man een van die leiers was wat Adam Tas gesteun het in sy verzet teen goewerneur Willem Adriaan van der Stel. Met sy inhegtenisname is Sara uitgeskel as “een oude donderhex” [p29]. Die siek Du Toit is na die Kasteel geneem waar hy opgesluit is. Drie jaar na sy vrylating is hy oorlede.

Dr. Pretorius beskryf die lewensloop van Anna Marais (ouma van die latere Trekkerleier Piet Retief) en die beledigende voorval met haar slaaf, Claas van Bengale. Dit dien as illustrasie van die onderlinge verhouding tussen eienaars, slawe en vryswartes aan die Kaap teen die helfte van die agtiende eeu. Die verhale van die eerste pionierskrywer aan die Kaap, die veelsydige Petronella Camijn en van Maria Buisset, die eerste vroulike dokter, word op onderhoudende wyse behandel. Tussendeur vleg die skrywer wetenswaardighede in oor kleredrag, daaglikse gebruike, gebruiksartikels, geslagregisters, kuns en dies meer. Sy sluit die boek op 'n romantiese noot af met die “Sprokiesverhaal” [p. 111] en “Die bruid en bruidegom wat nie getroud kon kom nie” [pp. 115-119].

*Human en Rousseau* het gesorg vir 'n keurige uitgawe. Die kleur-illustrasies en aantreklike uitleg van die boek sal deur 'n wyer leserskring as slegs historici waardeer word.

Dr. Dioné Prinsloo  
Dept Geskiedenis UNISA